HOËRSKOOL ALBERTON

DWELMBELEID

2016

ONDERNEMING:
HOËRSKOOL ALBERTON streef na uitnemendheid en ons einddoel bly altyd dat dit wat ons doen, uiteindelik ten goede op die jongmense binne ons sorg moet inwerk. Ons besef ook dat ons op datum moet bly met internasionale en plaaslike neigings en strominge en dat ons in staat moet wees om toereikend by veranderende tye en omstandighede te kan aanpas.

In die lig hiervan aanvaar ons dat:

- ons deel is van 'n groter gemeenskap,
- ons in vennootskap is met ouers, voogde en / of sorggewers om die beste vir hulle kinders te verseker,
- 'n wye verskeidenheid afhanklikheidsvormende dwelmmiddels beide wettig en onwettig binne ons gemeenskap beskikbaar is,
- ons leerders, deur verskeie kanale, aan sodanige middels blootgestel is,
- ons leerders, ouers en onderwysers nie altyd oor genoegsame inligting rakende sodanige afhanklikheidsvormende dwelmmiddels beskik nie,
- dwelmmiddelmisbruik op verskeie vlakke (bv. sosiaal, psigies, fisies, geestelik) skadelik is vir die mens,
- ons moreel, eties én opvoedkundig verplig is om ons leerders só toe te rus dat hulle minder kwesbaar sal wees vir dwelmmisbruik en dus meer vaardig sal wees om die lewe met al sy eise te kan hanteer.

Die Beheerliggaam en personeel van Hoërskool Alberton aanvaar die uitdaging en neem standpunt in dat dwelmgebruik ‘n onaanvaarbare en gevaarlike praktyk is, en dat die konsep van ‘n gesonde en dwelmvrye lewe te alle tye gepropageer en aangemoedig sal word. Die skool behou die reg voor om betrokke te raak en aanbevelings te maak sou ‘n leerder se gedrag daarop dui dat hy / sy moontlik betrokke is by dwelms. In geval van vermoedelike betrokkenheid sal die probleem op ‘n konstruktiewe en terapeutiese wyse aangespreek word.

In gevalle waar leerlinge en ouers nie van die aangebode hulp gebruik wil maak nie, sal die skool geen ander keuse hê as om sodanige leerling te skors nie.

LET WEL: Betrokkenheid sluit in die gebruik van , hantering van, of handeldryf met dwelms en drank.

A. BELEID TEN OPSIGTE VAN VOORKOMING VAN AFHANKLIKHEID

- Die ondertekening van die beleidsdokument is ‘n voorvereiste vir toelating tot die skool.

- Die skool onderneem om :
  - leerders deurgaans op te voed ten opsigte van dwelms en die gevare daaraan verbonde;
  - inligting en opleiding met betrekking tot dwelmgebruik en die moontlike verslawingsproses aan opvoeders en leerders sowel as ouers/voogde te verskaf;
  - erkende buite-organisasies waar nodig by voorkomingsmaatreëls te betrek. Die skool behou die reg voor om, met die oog op die kweek van ‘n dwelmvrye kultuur, sekere aksies te neem soos byvoorbeeld die benutting van snuffelhonde, asook om die hulp in te roep van die Dwelmeenheid van die Afdeling Georganiseerde Misdaad van die Suid Afrikaanse Polisie. Laasgenoemde mag in ooreenstemming met die gewysigde Skolewet, Wet nr. 84 van 1996, na willekeur leerders toets vir moontlike dwelmgebruik.
  - ‘n leerdersbystandsprogram (LBP) teen dwelmmisbruik daar te stel
  - die beleid te hersien en aan te pas wanneer nodig
  - hierdie beleid deurlopend en regverdig toe te pas waar nodig
  - die aanmoediging van ‘n dwelmvrye gemeenskap deur woord en daad!

- Die skool onderneem om sake rakende hierdie beleid te alle tye met vertroulikheid en in samewerking met die ouers/voog van die betrokke leerder te hanteer. Die skool sal poog om elke sodanige saak met die nodige sensitiwiteit en respek vir beide die leerder en die ouer se reg op privaatheid te hanteer.

B. BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN AFHANKLIKHEIDS-VORMENDE MIDDELS:

- Die gebruik van enige gewoontevormende middels, sonder doktersvoorskrif, is **streng verbode**:
  - gedurende skoolure,
  - op skoolterrein,
  - in skooldrag,
  - tydens buitemuurse aktiwiteite op skoolgronde, kampe, sporttoere, sportbyeenkomste, sosiale samesynsgeleenthede of enige ander aktiwiteite wat deur die skool gereël word

LET WEL: Hoërskool Alberton behou die reg voor om volgens beleid en prosedure op te tree indien 'n leerder se dwelmmisbruik buite skoolverband sy / haar skolastiese prestasie, gedrag, skoolbywoning, ens. beïnvloed.

C. BELEID TEN OPSIGTE VAN HANTERING, EN/OF BESIT VAN, OF HANDELDRYF MET DWELMMIDDELS

Die handeldryf met dwelms gedurende skoolure, op die skoolterrein, in skoolklere, gedurende buitemuurse aktiwiteite op die skoolterrein, tydens kampe, op skooltoere, skoolfunksies, ens. word ten strengste verbied.

- **LET WEL:** Die handeldryf met verbode middels is ‘n kriminele oortreding. Indien ‘n leerling van laasgenoemde verdink word of met dwelmmiddels in sy besit betrap word, sal ondersoek ingestel word en kan die saak na SA Narkotika Buro verwys word waarna normale wetlike prosedure sal volg.
- Optrede t.o.v. **handelaars / draers**: Indien die skool ‘n redelike bewys / vermoede het dat ‘n leerling ‘n handelaar / draer is, op of buite die skoolterrein, het die skool die reg om dadelik op te tree. Sodanige optrede kan lei tot skorsing.

OF

Indien ‘n leerder dwelms verkoop of op enige wyse aan ‘n ander verskaf sal:

- *sodanige leerder summier geskors word hangende ‘n dissiplinêre verhoor;*
- *die betrokke owerhede in kennis gestel word sodat die gereg sy loop mag neem;*
- *die beheerliggaam aansoek doen om uitsetting van die leerder*

D. BELEID TEN OPSIGTE VAN OPTREDE DEUR DIE SKOOL (SOOS BELIGGAAM IN DIE BEHEERLIGGAAM, HOOF EN PERSONEEL)

- Alle gerugte van afhanklikheid, gebruik en/of misbruik asook handel in/verskaffing van dwelmmiddels sal ondersoek word.

- Elke saak sal op meriete, binne die raamwerk van die beleid en prosedure hanteer word, tot die beste voordeel en opvoeding van die betrokke leerder en die skool as sodanig.

- Dwelmverwante ondersoeke en sake sal deur die skoolhoof en/of adjunkhoofde in samewerking met enkele toegewysde personeellede wat opgelei is, hanteer word .

- Sodra ‘n vermoede ontstaan dat ‘n leerder ‘n verbode middel, insluitend sigarette, in sy besit het, kan die skoolhoof, adjunkhoof of hul gevolmagtigdes, in die teenwoordigheid van ‘n gekose getuie van die leerder, sy/haar besittings, persoon, en/of sluitkassie deursoek. Twee personeellede, en, indien so verkies, ‘n gekose getuie van die betrokke leerder, sal teenwoordig wees by sodanige deursoeking .Die deursoeking sal sonder aantasting van die betrokke leerder se reg op regverdige behandeling geskied.

- Indien daar redelikerwys vermoed word dat ‘n leerder dwelmmiddels gebruik of onder die invloed van ‘n dwelmmiddel is, behou die skool die reg voor om, na goeddunke**, enige van die volgende opsies uit te oefen:**
    - Die gewysigde Skolewet Wet nr. 84 van 1996 maak voorsiening daarvoor dat sodanige leerder by die skool getoets kan word vir dwelmgebruik.

In sodanige geval sal daar by die volgende riglyne gehou word:

- Die toetsproseure sal met sensitiwiteit en verantwoordelikheid uitgevoer word.
- Twee personeellede van dieselfde geslag sal saam met die leerder in die badkamer wees.
- Die toets sal nie voor ander leerders gedoen word nie
- ‘n Getuie sal toesien dat die toetsmonster behoorlik geseël en gemerk word.
- Die skool sal die ouer binne een werksdag in kennis stel van die aksie wat geneem is en die uitslag daarvan.
- Indien die uitslag negatief is sal die skool die koste van die toetsing dra. Indien die leerder positief toets sal die ouer verantwoordelik wees vir onkoste verbonde aan die toets.

OF

- Die skool het die reg om aan te dring daarop dat die ouer/voog van sodanige leerder self hul kind vir ‘n dwelmtoets en /of assessering en behandeling na ‘n goedgekeurde instansie/kliniek sal neem. Ouers / voogde sal aanspreeklik gehou word vir koste hieraan verbonde, tensy alternatiewe reëlings met die skool getref word.
    - Indien dit blyk dat ‘n leerder dwelms gebruik, misbruik of reeds ‘n afhanklikheid ontwikkel het, mag die leerder toegelaat word om sy skoolloopbaan voort te sit onder bepaalde voorwaardes soos ooreengekom tussen die skool, die leerders en die ouers/voogde.

Afhangende van die aard van die saak, kan **voorwaardes** die volgende insluit:

- die leerder skakel vir behandeling in by ‘n erkende binne- of buitepasiënte dwelmprogram. Die leerder kan verskoon word van skoolbywoning vir die tydperk wat ‘n binnepasiënt program gevolg word.
- Die skool moet op hoogte gehou word van die hulpproses.
- Bloed en/of urientoetse moet vir ‘n tydperk, soos deur die skool in samewerking met die betrokke professionele kundiges bepaal word, volgehou word totdat die skool tevrede is dat die leerder se probleem onder beheer is.
- Die leerder kan op ‘n proeftydperk geplaas word om sy vordering, gedrag, skoolbywoning en houding te monitor, gelyklopend met die rehabilitasieproses.
- In geval van gebrek aan hulpbronne, soos byvoorbeeld geen mediese fonds of vervoer , kan die skool daarop aandring dat die betrokke leerder sal inskakel by professionele berading soos deur die skool voorsien.

- **Alkohol** wat met opset op die skoolterrein gebring word: Die betrokkenes verloor onmiddellik ‘n minimum van 50 strafpunte. In die geval van gebruikers sal elke saak op meriete hanteer word. Optrede sal geskied volgens die diskresie van skool.

- Alle moontlike skorsings sal deur die Hoof of adjunkhoofde hanteer word.

Die skool behou die reg om aan te beveel dat, indien dit in belang van die skool en die leerling sal wees, sodanige leerling elders verwys sal word om sy / haar skoolloopbaan te voltooi.

MNR H J SCHOEMAN
HOOF

MNR C BOTHA
BEHEERLIGGAAMVOORSITTER